TORAH VIR DIE EINDTYD

"**Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom**" **Mat. 4:17**.
"**Moenie dink dat Ek gekom het om die Torah of die profete te ontbind nie……..Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een letterdeel van die Torah ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie**" **Mat.5:17-19**

"**Bekeer jou en keer terug na die Torah, die Tien Gebooie, die Koninkryk van die hemel is naby**".

SHEMA!! LUISTER!!

Deut. 6:4-5: "**Luister Israel, YAHWEH is ons Elohim; YAHWEH is een! Daarom moet jy YAHWEH jou Elohim liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.**" En ook **Lev.19:18**: "**Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is YAHWEH**".

Die voorgaande is die grondslag waarop die Tien Profetiese uitsprake en instruksies (Tien Gebooie) gebaseer is. Soos wat die Skepper in die begin gespreek het "Laat daar Lig wees", so het Hy hierdie Tien Woorde profeties oor Sy volk gespreek en het dit betrekking op die toekomstige aard en natuur van die ware Israelitiese gelowige op die planeet aarde. Hierdie Woorde was 'n Huweliksverbond wat die Skepper Gees Yahweh (die Bruidegom) met Sy Israel volk aangegaan het.

Hier volg die Tien Profetiese Woorde, die Tien Gebooie. Hulle is Ononderhandelbaar, Onveranderlik, Ewig, die Woord van die Allerhoogste, die Allerhoogste Self!! (**Joh.1:1**)

Die **EERSTE en belangrikste kapstok** waaraan die 1ste, 2de, 3de en 4de Gebooie hang, is: "**Luister Israel, YAHWEH is ons Elohim; YAHWEH is een! Daarom moet jy YAHWEH jou Elohim liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.**"

Ex.20:2: **1ste Gebod**: **"Ek is YAHWEH ((HWHY) YHWH – YOD, HEY, VAV, HEY) jou Elohim (magtige) wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het".**

Besef jy, die Skepper van die heelal skryf Sy eie persoonlike naam: YOD, HEY, VAV, HEY (**HWHY**) (YHWH) persoonlik met Sy eie Vinger in die oudste paleo Hebreeus op die kliptafels. Moses het dit nie geskryf nie. Dit is Sy verbond naam, Sy gedenknaam vir ewig. Ps. 135:13; Ex.3:15; Ps. 30:4; Jes. 26:8; Hos.12:5 ens.

(En om te dink dat die mens die vermetelheid gehad het om die Skepper se eie handgeskrewe instruksies te gaan verander na "here/baal" en "god/gawd", heidense sataniese titels!!

Verbeel jou!!: "Ek is die "here/baal" jou "god/gawd" wat jou uit die slawehuis van Egipte uit gebring het". Hoe kon die vertalers so 'n lasterlikheid in ons Skrifte toe gelaat het?)

In die moderne Hebreeus word die YOD, HEY, VAV, HEY so geskryf – die Hebreeuse tetragrammaton, (יהוה) YOD, HEY, VAV, HEY, vier konsonante, wat die Naam van die Skepper-Elohiem uitbeeld – word uitgespreek YAHUWEH of YAHWEH of YAHUEH of YAHUAH of foneties gelyk klinkend.

Die Skepper Gees Yahweh stel Homself in hierdie 1ste instruksie/gebod bekend deur Sy eie persoonlike Naam te identifiseer, 'n ewige Naam. Daarom is ons verplig om die **Skepper Gees** aan te spreek op Sy eie persoonlike Naam, in liefdevolle aanbiddende vrees en bewing.

Maar die Skepper Gees YHWH (YAHWEH/YAHUAH) identifiseer Homself nie slegs deur Sy eie Afgesonderde Hebreeuse Naam nie, Hy gaan voort om Sy karakter en Sy aard aan ons te openbaar deur Sy Profete – Wie Hy regtig is.

In **Hosea 13:4** openbaar Hy Homself as Israel se "*Verlosser*".
In **Jesaja 12:2** openbaar Hy Homself as "*ons Verlossing*".
In **Jesaja 45:20-23** lui die Hebreeuse Skrif "**EL-TZADIK, U MESSIAH**" wat letterlik beteken "*'n regverdige Magtige (Elohim)* ***EN*** *'n* ***MESSIAS***". Yahweh deel ons in Sy eie Hebreeuse taal mee dat Hy 'n Magtige Elohim is, **MAAR** Hy is **OOK** die **MESSIAS**.

Nou weet ons na die 1ste Instruksie/Gebod reeds: YAHWEH is YAHSHUA, die Messias.

Ex. 20:3: **die 2de Gebod**: **"Jy mag geen ander (magtiges/gode) voor My aangesig <u>Hê</u> nie. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak (van hierdie magtiges/gode nie) van wat bo in die hemel is,..... Jy mag jou voor hulle (ander magtiges/gode) nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek is 'n jaloerse El (god).**

Besef jy dat die Christendom (nie-Jood/Israeliet) hierdie gebod oortree wanneer hulle ander name gebruik, ander name oor hulle lippe bring, ander name uitspreek as die van die hoogverhewe Hebreeuse afgesonderde Naam van YAHWEH of die van Sy Seun Yahshua? Name wat teruggevind word in die afgod name van die songode in o.a. die Griekse mitologie soos byv. "Here" (Koningin van die hemel wat ook die titel is van die moeder Maria van die RKK) of "Iesous" (die genitiewe verbuiging van 'n Griekse godin van genesing). Deur die eeue heen het vertalers hierdie afgod name in die plek van die Naam, YHWH (YAHWEH), die Skepper van die heelal en die van Sy Seun Yahshua, vertaal en doen hulle presies dit wat die Skepper verbied in die 2de Gebod.

Die Christendom oortree hierdie Gebod letterlik. Deur vreemde name uit te roep en te aanbid, bring hulle juis, dan "**hê"** hulle ander afgode (as YAHWEH) voor Sy aangesig.

In **Ex. 23:13** vind ons dat Yahweh die 2de Gebod uitbrei en duidelike bevele aangaande die ander magtiges/gode gee: **Jy mag hul name nie noem nie, hul name mag nie eens oor jou lippe kom nie – hul name mag nie uit jou mond uit gehoor word nie**.

Die Christendom (nie-Jood/Israeliet) gebruik sommer willens en wetens die naam "Iesous" wat in Afrikaans en Engels en Duits vertaal is as "jesus". Iesous is 'n verbuigingsvorm van Iaso wat Ieso is in die Ioniese dialek van die Grieke, die afgod godin van genesing. Die letters IHS is die afkorting van die naam IESOUS wat op sy beurt verwys het na o.a. Bacchus alias Tammuz (alias ha Satan), almal songode wie hul verjaardae vier op die 25ste Desember.

Maak nie saak nie, al is hierdie Griekse naam die "onskuldige" transliterasie van die Hebreeuse "Yahshua" na die Griekse Iesous toe, bly die resultaat nog steeds verwerplik, nl. die fonetiese naamklank van 'n afgod godin uit die Griekse mitologie.

Volgens hierdie 2de Instruksie/Gebod en profetiese opdrag, is die enigste naam wat ons mag noem, mag gebruik, mag aanbid, die **Hebreeuse naam** van YAHWEH en die van Sy Seun Yahshua. Geen ander naam of afgodsnaam in 'n ander taal nie. Nie Modimo of Nkulukulu of enige ander vreemde naam nie. Slegs die Hebreeuse naam van **YAHWEH** die Vader en **YAHSHUA**, die Seun. Dit is die enigste Skriftuurlike geldige naam wat jy mag aanbid en dien en oor jou lippe mag noem.
Die oortreding van die 2de Gebod lei outomaties tot die oortreding van die 3de profetiese instruksie.

Ex.20:7: **3de Gebod**: **"Jy mag die Naam van YAHWEH jou Elohiem nie ("shavah" – Hebreeus) INHOUDLOOS maak nie, nie VERVALS nie, nie VERVANG met die name van**

ander magtiges/gode nie, nie AFWATER (YDELLIK/LIGTELIK GEBRUIK) nie, want YAHWEH sal die een wat Sy Naam INHOUDLOOS MAAK, OF VERVALS, OF VERVANG met die name van ander magtiges/gode, of Sy Naam AFWATER (YDELLIK/LIGTELIK GEBRUIK) nie ongestraf laat bly nie".

Sy hoogverhewe, afgesonderde Hebreeuse Naam het deur die eeue heen verlore geraak en is vervang met ander afgodsname soos "Here" of "jesus" of "Lord" of "God". Die gebruik hiervan het die ware afgesonderde Hebreeuse Naam van die Skepper dus niksseggend gemaak, inhoudloos. Hierdie Griekse afgodsnaam "Iesous", "Here", "jesus", "christus" het vir eeue lank die afgesonderde Hebreeuse Verbondnaam/Gedenknaam Naam van die Almagtige Skepper en Sy Seun vervang.

Navorsing dui daarop dat die volgende name en titels deur die eeue heen sekere demoniese konnotasies gehad het: "god = "gawd", "lord = baal", "Iesous = jesus", "christus = chrestos = 'n titel wat toegeken is aan verskeie heidense afgode soos byv. Zeus", "yeshu (acronym) = laat die naam uitgewis word", "Jehovah = vernietiging, stoutigheid, onheil, sondigheid, slegtigheid, ens. – sien self Strong's H1942 en H1943".

Die gelowige durf nie die Naam van die Skepper Gees en die van Sy Seun kompromeer nie.

Ex.20:8: **Die 4de profetiese Gebod lui**: **"Onthou die dag van die Shabbat, dat jy dit afsonder..... Maar die sewende dag is die Shabbat van YAHWEH jou Elohiem;"**

Die Shabbat dag – is dit die 7de dag of is dit die 1ste dag? Is Sondag die 7de dag of die 1ste dag? Wat is vir jou hier belangrik en wat is vir die Skepper belangrik? Wie se wil geld, joune of die Skepper s'n? Hy het die Shabbat (1) geseën en toe (2) afgesonder – dit is Sy dag.

Saam met die Shabbat word ons geneem na die verpligte en belangrike afsprake (feeste) van Yahweh met Sy volk Israel in

Levitikus 23. Hierdie opdragte is steeds relevant en is nooit vervang of tot niet gemaak nie. Dit gaan ook binnekort gedurende die millennium en ook later weer in die Nuwe Hemel en die Nuwe aarde gevier word. Hierdie Feeste is verpligtend vir elke gelowige Israeliet. Die Shabbat vorm ‘n integrale deel van die sewe Feestye van Yahweh, Sy opdrag aan elke Israeliet. Die Pasga, die Fees van Ongesuurde Brode, Shavuot (Pinkster), Fees van Trompette, Fees van Versoening, Fees van Sukkot/Tabernakels en ook die 8ste dag wat ‘n spesiale Feesdag is. Hierdie Feesdae, saam met die Shabbat, impliseer en vereis ‘n spesiale Torah leefstyl wat die kenmerk is van die opregte Israeliet. Elke ware Israeliet sal sy hele lewenswyse rangskik en organiseer rondom die weeklikse Shabbat en die jaarlikse Feeste van Yahweh soos gelas in Lev. 23. ‘n Opregte Israeliet moet hierdie instruksies doen en nakom. Hierbenewens het die Skepper ons ook opdrag gegee om die “hernieude” (nuwe) maanfeeste te vier en te onderhou. (Num. 10:10; Num. 29:6; Eze. 45:17; Eze. 46:6-7; Ps. 81:3-4; ens. Dit is dood gewoon ‘n Torah lewensstyl.

Die **TWEEDE belangrike kapstok** waaraan die 5de, 6de, 7de, 8ste, 9de en 10de Gebooie hang, is: **“maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is YAHWEH**”.

Ex. 20:12: **5de Gebod**: **“Eer jou vader en jou moeder dat jou dae verleng mag word”;**

Ex. 20:13: **Gebod: “Jy mag nie moord pleeg nie”;**
‘n Israeliet sal die aborsie-wette verafsku.

Ex.20:14: **7de Gebod: “Jy mag nie egbreek nie”;**

Ex.20:15: 8ste Gebod: “Jy mag nie steel nie”;

Ex.20:16: 9de Gebod: “Jy mag nie valse getuienis teen jou naaste uitspreek nie (jy mag nie lieg nie);

Ex.20:17: **10de Gebod: “Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of**

sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie".

Maar laat ons net weer **Joh.1:1** bietjie verder bekyk vanuit 'n Hebreeuse perspektief. "B'reshit Ha-Torah". In Afrikaans met 'n Hebreeuse perspektief, lees dit: "**In die begin was die Torah (Woord) en die Torah (Woord) was met Yahweh en die Torah (Woord) was Yahweh. Die Torah (Woord) en Yahweh was saam een vanaf die begin**" en vers 14 verklaar "**En die Torah (Woord) het vlees geword en het onder ons kom woon**".

Ons weet nou met dubbele sekerheid die volgende onherroeplike en ewige waarheid: **YAHWEH is YAHSHUA, is DIE MESSIAS, is DIE TORAH.**

Hallo!!?? Christen, Ortodokse Jood, Moslem, wie ook al, wie van hierdie drie verwerp of aanvaar jy? Dis 'n baie moeilike vraag. Want as jy een verwerp, dan verwerp jy die ander.

YAHWEH is YAHSHUA is DIE TORAH

Wie die Seun verwerp, verwerp die Vader. Wie die Torah verwerp, verwerp die Seun en ook die Vader. Die Seun is die Waarheid, is die Lig, is die Weg, is die Lewe. **Dit is presies die beskrywing van die Torah self!**

Die apostel Paulus beklemtoon hierdie waarheid in **2 Kor. 6:14 -18** – "moenie in dieselfde juk trek met ongelowiges (christene/moslems) nie – watter deelgenootskap het die geregtigheid met die torahloosheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? watter ooreenstemming het die Messias met Belial, of watter ooreenkoms het die tempel van Yahweh met die afgode?"

Paulus sê dieselfde in **1 Kor. 10:21-22** "julle kan nie die beker van die Meester Yahshua drink en ook die beker van die demone nie; julle kan nie deel hê aan die tafel van die demone nie. Of

wil julle die ywer van die Meester opwek? Is ons miskien sterker as Hy?”

Dit is juis presies wat gebeur wanneer ons die TORAH van Yahweh oortree, die Tien Instruksies van die Skepper van die hemel en die aarde, die ganse kosmiese heelal. Dit is net die mens wat die waagmoed aan die dag sal lê om dit te doen, om Sy Gebooie te verander.

Weet jy wat sê Yahweh van die persoon wat dit waag om Sy Torah te minag, wat Sy Torah ongehoorsaam is en Sy Torah nie doen nie? Daardie persoon se gebed is ‘n GRUWEL in die oë van YAHWEH. **Spreuke 28:9.** Hierdie Skrifgedeelte help jou om valse leraars en valse profete te identifiseer, mense wat ‘n ander “evangelie” verkondig.

Die opregte Nasareense Israelitiese gelowige, die ware Messianer, is verplig om enige kompromie te verwerp. Kompromie behoort ‘n gruwel, afskuwelik te wees vir die persoon wat die Skepper Yahweh en Sy Seun Yahshua op reg lief het.

Keer terug na die TORAH van YAHWEH, die Torah wat openbaar gemaak is, gemanifesteer het in Yahshua die Messias, die Torah wat verduidelik en verstaanbaar gemaak is in Yahshua ons Lewende Torah (Joh. 1:17).

Dis die enigste manier om die OORDELE VAN ELOHIM, waaronder ook die NAG VAN DIE LANG MESSE, vry te spring. Kom skuil by die ware Hebreeuse YAHUWEH YAHUSHUA die Enigste Elohim, die Skepper Gees/Ruach van die kosmiese heelal, die Elohim van Israel, Avraham, Yitsak en Yakov. Jy aanvaar Sy Verbond verhouding met die gepaardgaande verpligtinge, en Sy Ruach/Gees kom woon in jou en jy word Sy tempel wat Hy sal beskerm, ongeag ras of kleur. Niks of niemand sal jou skaad as Elohim Yahweh dit nie goedkeur nie.

koosdupl@gmail.com